



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 11

REKENINGKUNDE

MAART 2021

PUNTE: 100

TYD: 1 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye, hierdie een ingesluit.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees en volg die volgende instruksies noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK is voorsien waarin AL die vrae gedoen moet word.
3. Dui ALLE bewerkings aan om deelpunte te kry.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Waar van toepassing dui alle berekeninge aan met een desimaal.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Versoeningstate	55	35
2	Vaste Bates	45	25
TOTAAL		100	60

VRAAG 1: VERSOENING EN INTERNE KONTROLE**(55 punte; 35 minute)**

1.1 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Gunstige saldo op die Bankstaat word as 'n debiet aangedui. (1)

1.1.2 Foute deur die bank gemaak moet in die Bankversoeningstaat geboekstaaf word. (1)

1.1.3 Rente op oortrokke bank sal in die Kontantontvangstejoernaal aangeteken word. (1)

1.1.4 'n Interne ouditeur wil die Bankversoeningstaat aan die einde van elke maand ondersoek. (1)

1.1.5 Diensgelde en elektroniese fondsoorplasings sal as bankkoste in die Kontantbetalingjoernaal geboekstaaf word. (1)

1.2 Die volgende inligting hou verband met Hessie Winkels vir Januarie 2021.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die korrekte Banksaldo op 31 Januarie 2021. Jy mag 'n bankrekening gebruik om jou berekeninge te toon. **Let Wel:** Die inligting vanaf die bankstaat is nog nie in berekening gebring nie. (15)

1.2.2 Stel 'n Bankversoeningstaat vir 31 Januarie 2021 op. (10)

1.2.3 'n Ondersoek toon dat die deposito van R6 900 weg is. Die bedrag kan nie opgespoor word en daar is besluit om die bedrag af te skryf.

- Verskaf die AARP beginsel wat op die besluit van toepassing is. (1)

- Verskaf TWEE interne kontrole maatreëls wat die onderneming an gebruik om so 'n verlies in die toekoms te verhoed. (4)

INLIGTING:

A. Uittreksel vanaf die Bankversoeningstaat op 31 Desember 2020:

Uitstaande depositos: 9 Desember 2020	R8 800
22 Desember 2020	6 900
Uitstaande EFO: Nr. 177	1 450
Ongunstige saldo volgens die bankrekeing	7 659

LET WEL:

- Die uitstaande deposito van R8 800 verskyn op die Januarie 2021 se bankstaat.

- Die uitstaande deposito van R6 900 verskyn nie op die Bankstaat nie. Na ondersoek kom dit aan die lig dat die boekhouer met die geld weg is. Die onderneming besluit om die geld af te skryf aangesien die bedrag nie opgespoor kan word nie.
 - EFO 177 verskyn op die Bankstaat vir Januarie 2021.
- B.** Voorlopige totale van die Kontantjoernale op 31 Januarie 2021:
- Kontantontvangstejoernaal, R96 800
 - Kontantbetalingsjoernaal, R74 300
- C.** Die volgende inligting verskyn op die Bankstaat vir Januarie 2021 maar verskyn nie op die Kontantjoernale vir Januarie 2021 nie:

UITTREKSEL: BANKSTAAT – BB BANK BESONDERHEDE	BEDRAG
Direkte deposit – D. Dawie	R 7 500
EFO – betaling aan Lebona Handelaars	4 900
Direkte deposito – A. Leeuw	?
Debietorder Bloem Munisipaliteit	4 800
Debietorder Outsurance	3 700
Bankkoste	890
Deposito	9 876
Rente op 'n kredietsaldo	45

Addisionele inligting

- Die direkte deposito van D. Dawie was vir huur vir Januarie 2021.
 - EFO aan Lebona Handelaars vir die vereffening van die rekening van R5 000.
 - Die direkte deposito vanaf 'n debiteur A. Leeuw nadat hy 5% korting ontvang het op sy uitstaande skuld van R3 800.
 - Die debietorder van Bloem Munisipaliteit was vir water en elektrisiteit.
 - Die debietorder aan Outsurance was vir die eienaar se persoonlike versekering.
 - Die bank stel die onderneming in kennis dat hulle R350 se bankkoste te veel gehef het. Dit sal op die volgende staat reggestel word.
 - Die bankstaat toon 'n deposito van R9 876. Dit was 'n fout van die bank om dit verkeerdelik in die onderneming se bankstaat te boekstaaf. Die bank sal dit op die volgende staat regstel.
- D.** Die volgende inligting in die Januarie 2021 Kontantjoernale het nie op die Bankstaat vir Januarie 2021 verskyn nie:
- Uitstaande deposito, R33 900
 - EFO 756 vir R9 770 vir 'n betaling aan 'n krediteur, BB Handelaars.
- E.** Die saldo volgens die Bankstaat op 31 Januarie 2021 beloop R?.

1.3 Rosy Winkels koop goedere op krediet vanaf Motlounq Verskaffers.**GEVRA:**

1.3.1 Verduidelik kortliks hoe die opstel van 'n Krediteureversoening as 'n interne kontrole maatreël gebruik kan word sodat die onderneming hulle krediteure effektief kan bestuur. Verskaf TWEE punte. (4)

1.3.2 Gebruik die tabel verskaf en toon die veranderinge wat gemaak moet word:

- In die Krediteuregrootboekrekening van Rosy Winkels.
- In die Krediteureversoeningstaat op 28 Februarie 2021. (16)

INLIGTING:

**A. Krediteuregrootboek van Rosy Winkels
Motlounq Verskaffers**

DATUM		BESONDERHEDE	FOL.	DEBIET	KREDIET	SALDO
Feb.	01	Saldo	b/d			72 200
	02	Faktuur 444	KJ		54 200	126 400
	04	Debietnota 56	KAJ	3 900		122 500
	07	EFO 443	KBJ	42 000		80 500
		Korting ontvang	KBJ	4 200		76 300
	20	Faktuur 8766	KJ		15 300	91 600
	23	EFO 615	KBJ	17 300		74 300
	24	Faktuur 590	KJ		25 000	99 300
	27	EFO 599	KBJ	14 700		84 600
		Korting ontvang	KBJ	1 470		83 130
	28	Faktuur 592	KJ		55 500	138 630

B. Rekeningstaat van Motlounq Verskaffers ontvang

MOTLOUNG VERSKAFFERS					Nr. 2321
25 Maitland road, QwaQwa 1 675					
Debiteur: Rosy Winkels				25 Februarie 2021	
DATUM		BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET	SALDO
Jan.	25	Saldo			87 200
	28	Kwitansie 110		15 000	72 200
Feb.	02	Faktuur 444	59 200		131 400
	04	Kredietnota 19	3 900		135 300
	07	Kwitansie 122		42 000	93 300
		Korting toegestaan		2 100	91 200
	18	Faktuur 568	13 900		105 100
	23	Kwitansie 164		17 300	87 800
	24	Faktuur 590	23 600		111 400
	25	Afleweringstkostes	2 750		114 150

C. 'n Ondersoek toon die volgende foute en weglatings:

- (i) Faktuur 8766 was vir goedere wat Rosy Winkels by 'n ander verskaffer, Sicwetsha Verskaffers gekoop het.
- (ii) Faktuur 444 was korrek op die rekeningstaat geboekstaaf.
- (iii) Faktuur 568 was 'n fout op die staat. Dit was vir goedere wat hulle aan 'n ander besigheid verskaf het.
- (iv) Die korting toegestaan op 7 Februarie 2021 is korrek op die rekeningstaat.
- (v) Rosy Winkels het die handelskorting op faktuur 590 weggelaat.
- (vi) Goedere vir R3 900 is deur Rosy Winkels aan Motlounge Verskaffers op 4 Februarie 2021 teruggestuur.
- (vii) Volgens die kontrak hef Motlounge Verskaffers afleweringkoste aan alle klante.
- (viii) Die rekeningstaat sluit transaksies tot 25 Februarie 2021 in.

55**VRAAG 2: NOTA VIR VASTE BATE EN BATE VERKOPE (45 punte; 25 minute)**

Die volgende inligting hou verband met Julietta Winkels. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2021.

GEVRA:

- 2.1 Verskaf TWEE redes waarom 'n onderneming sy vaste bates kan verkoop. (4)
- 2.2 Stel die volgende rekeninge in die Algemene grootboek van die onderneming op:
 - 2.2.1 Bateverkoperekening op 1 November 2020 (11)
 - 2.2.2 Opgehoopte waardevermindering op toerusting op 28 Februarie 2021. (10)
- 2.3 Bereken die ontbrekende bedrae aangetoon deur **(a)** tot **(e)** op die nota verskaf. (20)

INLIGTING:**A. Vaste bates:**

	GROND EN GEBOU	VOERTUIG	TOERUSTING
Drawaarde (1/03/2020)	4 200 000	(b)	325 000
Kosprys		600 000	490 000
Opgehoopte waardevermindering		(247 500)	(125 000)
Beweging:			
Toevoegings	650 000	440 000	0
Bateverkope	0	0	(e)
Waardevermindering		(c)	
Drawaarde (28/02/2021)	(a)		
Kosprys		(d)	410 000
Opgehoopte waardevermindering			

ADDISIONELE INLIGTING

Uittreksel vanaf die voertuigregister:

(i)		Volkswagen	Toyota	Ford
	Aankoopdatum	1/3/2014	1/9/2018	1/5/2020
	Aankoopsprys	R200 000	R300 000	R440 000
	Opgehoopte waardevermindering 1/3/2020	R180 000	R67 500	R0

Waardevermindering op voertuig word bereken teen 15% p.j op die kosprysmetode.

- (ii) Toerusting met 'n kosprys van R? is op 1 November 2020 vir R61 000 op krediet verkoop.

Die toerusting is op 1 Maart 2018 aangekoop. Die opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2020 op die toerusting beloop R15 200.

Waardevermindering op toerusting word bereken teen 10% op die verminderde saldo metode.

TOTAAL: 100 PUNTE